

# #MyNWU



WAAR JY MEER KAN WEES



# #MYNWU

#MYNWU – WAAR JY MEER KAN WEES .....	3
WIE IS DIE NWU?.....	3
DIE NWU HET AGT FAKULTEITE .....	4
BESKERMINGSDIENSTE .....	7
GESONDHEIDSORGSENTRUMS .....	9
BIBLIOTEKE .....	11
ONS IT-DIENSTE .....	13
STUDENTEVOORLIGTING EN -ONTWIKKELING .....	15
DIE BESTE JY! .....	17
BELANGSTELLINGSINDEKS .....	18
EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSAPPE: .....	21
OPVOEDKUNDE .....	22
INGENIEURSWESE .....	23
GESONDHEIDSWETENSAPPE .....	24
GEESTESWETENSAPPE .....	25
REGTE .....	26
NATUUR- EN LANDBOUWETENSAPPE .....	27
TEOLOGIE .....	28
ONS HET NIE DIE STUDENTELEWE UITGEVIND NIE, ONS HET DIT VERVOLMAAK.. ...	30
AKKOMMODASIE – JOU LEERPLEK EN LÊPLEK! .....	32
MAHIKENGKAMPUS .....	33
POTCHEFSTROOMKAMPUS .....	35
VANDEBIJLPARKKAMPUS .....	39
ONS DRIE KAMPUSSE .....	43
SPORT.....	45
KUNSTE .....	47
GEMEENSKAPSBETROKKEHEID .....	49
ONTSLUIT JOU NUWE NWU-WÊRELD OP SOSIALE MEDIA!.....	51

## Kyk uit vir hierdie **IKONE, TEKS** en **SKAKELS**

x x x x x

Kyk ook uit vir enige  
*gekleurde kursiewe teks*  
- dit is 'n aanduiding van  
'n skakel wat gevolg kan  
word.



Klik om meer te lees



Terug na inhoud



Facebook skakel



Video



Youtube skakel



Belangstellingsindeks



Twitter skakel



Klik om te besigtig



Instagram skakel

**KLIK...**

Volg instruksies

# #MyNWU

– WAAR JY MEER KAN WEES



Ons is saam met jou opgewonde oor 'n nuwe hoofstuk in jou lewe – studentwees! Die NWU is n t die regte plek wat jou sal slyp om 'n professionele loopbaan te betree. Hier berei ons jou voor om jou lewe lank die vrugte te pluk van harde werk en selfs meer te wees as wat jy kon indink.



## WIE IS DIE NWU?

Die NWU, met sy drie kampusse in **Potchefstroom**, **Vanderbijlpark** en **Mahikeng**, bestaan sedert 2004. Die NWU bied meer as net 'n opvoeding: ons bied aan mense 'n plek in die w reld. Ons akademiese aanbod bied aan studente 'n groot keuse en buigsaamheid, en stel hulle in staat om hulle volle potensiaal te verwesenlik en om te begin voorberei vir hulle loopbane.

#MyNWU

## DIE NWU HET AGT

**Klik** op die nommers hieronder



x x x x x x

Die NWU bied 'n **reuse**  
**verskeidenheid**  
**voorgaadse**  
en **nagraadse**  
**kwalifikasies** aan.

x x x x x x



**#MyNWU**



Regoor die NWU het ons in 2019 meer as **64 000**  
**kontak- en afstandsleer-**  
**studente** geakkommodeer.



**KLIK** op die foto om die video van elke fakulteit te kyk.

# ONDERSTEUNING

## WAT ON S JOU KAN BIED

Ons wil toesien dat ons studente sukses behaal en daarom maak ons seker dat jy, benewens talle ander steundienste, toegang het tot akademiese steun, biblioteke, rekenaars, beurse, gesondheid- en welstandsdienste en 'n loopbaansentrum. Om hierdie dienste so na as moontlik aan ons studente te bring, is die departemente wat dit verskaf in die meeste gevalle op die kampusse geleë.

Ons ondersteuningspersoneel is almal daar om jou te ondersteun en om vir jou te sorg. Maak asseblief gebruik van die dienste wat ons bied. Kom bespreek gerus enige uitdagings met ons. Ons is hier om te help.

### BESKERMINGSDIENSTE



Jou veiligheid as 'n student aan die Noordwes-Universiteit is ons hoogste prioriteit. Hierdie reuseverantwoordelikheid rus op die skouers van die NWU se Beskermingsdienste. Hulle sien toe dat die verkeer vloei, dat misdaad bekamp word, en dat misdaadondersoek deur gespesialiseerde personeel uitgevoer word om misdadigers so gou moontlik aan die pen te laat ry.

**Jou veiligheid** as 'n student aan die Noordwes-Universiteit is **ons hoogste prioriteit.**

**#MyNWU**



#MyNWU





## GESONDHEID- SORGSENTRUMS

Elkeen van ons voel so nou en dan bietjie olik – of dit nou is as gevolg van daardie aaklige griepvirus, of 'n meer ernstige mediese noodgeval wat jou dalk onverwags op kampus betrap. Jy en jou ouers kan gerus wees, want elkeen van die Noordwes-Universiteit se drie kampusse beskik oor 'n gesondheidsorgsentrum

wat sal toesien dat jy sommer weer vinnig perdfris en gesond is om aandag aan “student-wees” te skenk.

Alle gesondheidskwessies, van fisiek tot sielkundig, akuit tot kronies, word hier deur 'n toegewyde multidissiplinêre span kundiges hanteer. Afsprake vir konsultasies kan telefonies gemaak word, maar instappasiënte word ook verwelkom.



Elkeen van die Noordwes-  
Universiteit se **drie**  
**kampusse**  
beskik oor 'n  
**gesondheid-  
sorgsentrum**



**#MyNWU**

Die volgende  
**dienste**  
**word** vir alle  
studente aangebied:



Vrywillige berading  
en toetsing vir MIV/  
vigs (VBT)



Gesondheids-voorligting,  
-bevordering en  
-opvoeding




Maatskaplike  
werk-dienste



Beroeps-  
gesondheidsorg



Noodsorg



## Konsultasies word teen 'n **minimale koste aangebied.**

Of jy oor 'n mediese  
fonds beskik of nie, jy  
is welkom om van die  
gesondheidsorgsentrum se  
dienste gebruik te maak.  
Konsultasies word teen 'n  
minimale fooi aangebied.



Sifting – bloeddruk,  
bloedsuiker,  
swangerskapstoetse,  
gewig



Verskaffing van voorbehoed-  
middels en antenatale sorg  
soos deur die Departement  
van Gesondheid voorgeskryf  
en verskaf

Die NWU se  
**Biblioteek- en  
Inligtingsdiens**

bestaan uit drie  
kampusbiblioteke, naamlik die  
Mahikeng-, Potchefstroom- en  
Vanderbijlpark-biblioteke.

x x x x x x

## BIBLIOTEKE

As die woord “biblioteek” dalk vir jou sinoniem is met verveeldheid, stilte en alleenheid sal jou siening volgende jaar ‘n gedaanteverwisseling ondergaan. Ons kan die NWU se biblioteke eerder beskryf met woorde soos opwinding, kreatief en ‘n inligtingoordosis!

Die NWU se Biblioteek- en Inligtingsdiens bestaan uit drie kampusbiblioteke, naamlik die Mahikeng-, Potchefstroom- en Vanderbijlpark-biblioteke. Die Potchefstroomkampus se hoofbiblioteek, ook bekend as die Ferdinand Postma-biblioteek, het vier takbiblioteke, naamlik die Opvoedingswetenskappe-biblioteek, die Musiekbiblioteek, die Natuurwetenskappe-biblioteek en die Teologie-biblioteek.

x x x x x x

Het jy geweet dat die **NWU-biblioteke:**



se vloere dikker as ‘n tradisionele vloer is om die gewig van al die boeke te kan dra?



toegang gee tot sowat 51 000 wetenskaplike e-tydskrifte en sowat 250 000 e-boeke?



ou vraestelle elektronies beskikbaar stel?



gratis Wi-Fi het?



rekenaarwerkstasies met die nuutste sagteware en ekstra kragpunte vir jou selfoon of tablet het?



voorgraadse en nagraadse ondersteuning bied in die vorm van kundige personeel en die jongste inligtingstegnologie?



op die Potchefstroom- en Vanderbijlparkkampus elk ‘n koffiewinkel



ruimtes vir stil studie en seminaarkamers vir groeps gesprekke het?



jou unieke klasrooster beskikbaar kan stel? fotostaat-, skandeer- en e-posdienste beskikbaar stel?



‘n versameling van verskeie kosbare en geskiedkundige vaktydskrifte, koerante, artefakte, boeke, literêre werke en skilderye huisves?



Die **NWU se biblioteke**  
kan beskryf word met woorde soos  
**opwinding, kreatief en**  
**'n inligtingoordosis!**



Kontak gerus een van die biblioteke  
om uit te vind hoe jy by hul dienste  
kan baat vind. Besoek die biblioteke  
ook op Facebook by NWU Libraries.





## ONS IT-DIENSTE

Die wêreld draai deesdae om 'n tegnologiese spilpunt van die internet, slimfone, toepassings, en digitale kommunikasie. Die blote gedagte dat jy daarsonder moet klaarkom, is waarskynlik vir jou vreesaanjaend!

Om jou so tuis as moontlik op enige een van die

Noordwes-Universiteit se drie kampusse te laat voel, investeer ons elke jaar miljoene rande in die jongste tegnologie – wat alles tot jou beskikking is. Een voorbeeld daarvan is gratis Wi-Fi-toegang vir jou as student, wat amper oral op die kampusse beskikbaar is.

Nog 'n voordeel is die feit dat ons op elke kampus

'n IT-dienstoonbank daargestel het wat jou met alles en nog meer oor tegnologie kan help. Indien jy 'n IT-ervarende probleem ervaar, kan jy van dié instapdiens gebruik maak.

x x x x x x

### Kontakbesonderhede:

Mahikeng: Gebou A1, Kamer130

Potchefstroom: Gebou F20, Kamer G49

Vanderbijlpark: Gebou 9, Kamer 105

Facebook: <http://www.facebook.com/Instapdiens>

Web: <http://services.nwu.ac.za/ithome>





Ons investeer elke jaar miljoene rande in die **nuutste tegnologie**. een voorbeeld daarvan is **gratis Wi-Fi-toegang** vir jou as student, wat amper oral op die kampusse beskikbaar is.



## STUDENTEVOORLICHTING EN -ONTWIKKELING

Met die groot verskeidenheid studierigtings wat die Noordwes-Universiteit jou bied, kan dit soms moeilik wees om die regte keuse te maak. Soms het jy meer as een belangstellingsveld en weet jy nie noodwendig watter een van die kursusse jou die beste sal pas nie. Soms gaan ons as individue deur verskillende krisisse en versoek graag emosionele ondersteuning of wil van die Universiteit se sielkundige/maatskaplike dienste gebruik maak. Die NWU beskik oor 'n Eenheid vir Studentevoorligting en -ontwikkeling wat jou juis hiermee kan bystaan.



### SVO verskaf die volgende dienste (onder andere):



Terapeutiese en -beradings-dienste (insluitende individuele en groepsessies)



Maatskaplike ondersteunings-dienste, insluitende MIV/Vigs- en gemeenskaps-betrokkenheid-programme



Loopbaan-voorligting en -berading



Ondersteuning vir studente met gestremdhede



Lewens- en leierskaps-vaardighede en persoonlike ontwikkeling



Psigometriese evaluerings vir voornemende sowel as huidige studente



Verbetering van die eerstejaars-ervaring  
*(insluitende aanpassing by die kampuslewe, en algemene ontwikkeling vir eerste toetreders)*



Toegewings en ekstra skryftyd (Potchefstroom- en Vanderbijlpark-kampus)

**Let asseblief daarop dat dienste kan wissel afhangend van die spesifieke NWU-kampus**

	POTCHEFSTROOM	MAHIKENG	VANDEBIJLPARK
Kontak-nommer:	018 299 1777 (Thuso) 018 299 2893 (SVO)	018 389 2592	016 910 3195
Gebou:	Thuso: Gebou E14 SVO: Gebou F18	Gebou A3, Blok B, Kantoor 269. Studentesentrumgebou. Mmabatho Eenheid 5	Hendrik van Eck Blvd. Gebou 13, Split Vlak 3, Kantoor 331
Webwerf:	<a href="http://services.nwu.ac.za/af/student-counselling-and-development/tuis">http://services.nwu.ac.za/af/student-counselling-and-development/tuis</a>		
Sosiale media:	<a href="https://www.facebook.com/groups/631885390584069/?ref=bookmarks">https://www.facebook.com/groups/631885390584069/?ref=bookmarks</a>		

  
**AANSOEKE VIR 2021  
 NOU OOP!**

WEES MEER

Besoek [studies.nwu.ac.za](http://studies.nwu.ac.za) om te sien hoekom ons studente  
**#MyNWU** gekies het en elke oomblik daarvan geniet!

#MyNWU

# DIE BESTE JY!

By Studentevoorigting en -ontwikkeling (SVO) word  
**professionele dienste** aan  
studente verskaf deur **professionele**  
**personeellede** wat kwalifikasies in sielkunde,  
berading, maatskaplike werk en psigometrie het. Ons doel  
word in ons slagspreuk weerspieël: Die beste jy!





## BELANGSTELLINGSINDEKS (INTEREST INDEX)

<http://interestindex.co.za/>

'n **GRATIS** meetinstrument wat die loopbaanbelangstelling van hoërskoolleerders peil.

Jy kan ook die Interestindex gratis aflaai vir jou selfoon by:



Dit kan soms 'n baie opwindende, tog oorweldigende proses wees om aan jou toekomstige loopbaan te dink.

Die South African Career Interest Survey (Suid-Afrikaanse Loopbaanbelangstellingsindeks, geborg deur die NWU) bied hulp aan leerders deur maandelike loopbane en velde van studie met hulle spesifieke belangstellings te verbind. As 'n eerste stap help Interest Index leerders van graad 8-12 om maandelike vakke, tersiêre opleiding en loopbane te identifiseer.

x x x x x x

Voltooi die opname en ontvang onmiddellik 'n persoonlike verslag met inligting wat jou kan help.

\*Neem asseblief kennis dat baie faktore hierdie besluite beïnvloed, insluitende aanleg, persoonlikheid en belangstelling. Hierdie diens is nie bedoel as 'n plaasvervanger vir professionele loopbaanleiding nie.

x x x x x x



# #MyNWU



## BEURSE EN LENINGS

Jy het waarskynlik heelwat bekommernisse oor jou toekoms. Waar om te studeer, wat om te studeer, waar jy blyplek gaan kry, ens. Hoe jy vir jou akademiese toekoms gaan betaal, hoef nie een van hierdie bekommernisse te wees nie, want die NWU het verskeie beurs- en leningsgeleenthede tot jou beskikking!

Die Departement Finansiële Steudienste is op die been gebring met die doel om finansiële steun te verskaf aan hardwerkende studente wat daarvan droom om tersiêre- of onderwyskwalifikasie te verwerf, maar die volle koste daarvan eenvoudig nie kan bekostig nie.

Suid-Afrika bied 'n wye verskeidenheid beurse en lenings, maar om die opsie te vind wat jou behoeftes en studies die beste gaan pas en boonop by die instansie van jou keuse geakkrediteer is, kan 'n stresvolle proses wees. Daarom het die NWU vir jou 'n lys saamgestel van die beurse en leningskemas wat by ons universiteit aanvaar word, en van die beurse en finansiële steun wat die Universiteit in plek het om jou reis van eerstejaar na gegradueerde moontlik te maak.

**Akademiese Merietebeurs** – Alle voltydse eerstejaars en seniors (tweede-, derde- en vierdejaarstudente) ontvang dié beurs outomaties indien hulle binne die minimum duur is van die kwalifikasie waarvoor in die eerste jaar geregistreer is, en aan sekere akademiese vereistes voldoen.

**Gesinskorting** – Studeer jou ouer broer of suster reeds by die NWU? Wel, danksy hulle kan jy vir gesinskorting aansoek doen! Afhangende of jy die tweede, derde, of vierde kind in jou gesin is wat NWU toe kom, kan 15% of meer van jou universiteitsgelde afgetrek word! Net nóg 'n rede waarom dit lekker is om die jongste kind in die huis te wees! Kry die vorm hier.

**Leierskapsbeurse** – Daardie hoofseun-/hoofdogter-titel wat jy in graad 12 verower het, hou nog steeds 'n voordeel in... Danksy dié eenmalige beurs kan jy ekstra korting op die kostes van jou eerste studiejaar kry.

**Kuns en Kultuur-beurse** – Was kultuur eintlik meer jou ding op skool? Wel, as jy vanaf graad 8 tot graad 12 uitsonderlike prestasies in die kunste behaal het, kwalifiseer jy moontlik vir 'n Kuns en Kultuur-beurs. Die beurs het spesifieke vereistes en aansoeke word deur die Departement Kuns & Kultuur geëvalueer. **Doen hier aansoek.**

**Ondersteuningsbeurse** – Die NWU bied ook beurse aan voornemende studente met fisiese gestremdhede of wat uit die wees-/pleegsorgstelsel kom. Jy hoef net een keer aansoek te doen, so maak seker jy heg al die nodige dokumente aan

**Sportbeurse** – NWU Sport ken net beurse toe aan gekontrakteerde studente. Voornemende studente met provinsiale kleure kan aansoek doen vir 'n sportbeurs in die hoofsportkodes. Besoek gerus ook <http://sport.nwu.ac.za/af> vir meer inligting oor sport by die NWU.





## Eksterne Beurse:

Die **NSFAS-beursskema** bied finansiële ondersteuning aan studente met akademiese potensiaal wat finansiële behoefte is. Slegs huishoudings waarvan die gesamentlike inkomste onder R350 000 per jaar is, sal oorweeg word.

Om meer uit te vind oor vereistes vir jou aansoek, besoek <http://www.nsfas.org.za/content/bursary-scheme.html> Neem asseblief kennis dat die NSFAS-beleid bepaal dat GEEN ander beurse aan NSFAS studente toegeken mag word nie. Dit sluit in akademiese merietebeurse en alle ander NWU beurse soos genoem hier bo.

**Funza Lushaka-onderwysbeurs** – Word 'n onderwyser en inspireer die leiers van die toekoms! Dié beurs is begin vir Suid-Afrikaanse burgers wat droom van 'n onderwyskwalifikasie met 'n fokus op grondslagfase, intermediêre en senior-onderdig, of verdere onderrig en opleiding (VOO). Jy is net één klik weg van jou droom af - <http://www.funzalushaka.doe.gov.za/>

Ander eksterne beurse – Die lys hou natuurlik nie hier op nie! Daar is steeds 'n verskeidenheid ander beurse en lenings om jou akademiese loopbaan aan die rol te kry. Elke beurs het sy eie vereistes, so maak seker jy lees die inligting aandagtig deur voordat jy aansoek doen. Vind die perfekte beurs vir jôu omstandighede, belangstellings en passies [hier](#).

x x x x x x

x x x x x x

x x x x

x x x

x x

x

Wie sou kon dink dat daar so baie verskillende soorte beurse beskikbaar is? Om 'n volledige lys van moontlike beurse en lenings op elke kampus van die NWU te sien, besoek die NWU-webtuiste by <http://studies.nwu.ac.za/af/studies/beurse-en-lenings>



Noudat jy **die pad na die pot goud ken**, maak seker jy handig jou voltooid beursaansoek in **vóór die sperdatum** in.



× × × × × × Uitmendigheid deur samewerking en innovering

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is meer as 70 jaar gelede gestig, maar spog met 'n baie jong, bedryfsrelevante en

dinamiese personeelkorps. Ons het 'n voetspoor op al drie kampusse: in Potchefstroom, Mahikeng en Vanderbijlpark. Ons bied meer as 30

programme op die gebied van rekeningkunde, bestuur en bemaking, mensehulpbronne, toerisme en ekonomie. Ons doel is om 'n internasionaal-erkende, innoverende fakulteit te wees wat uitnemendheid nastreef deur menslike potensiaal te ontsluit.



× × × × × ×

Ons doel is om 'n **internasionaal-erkende, innoverende fakulteit** te wees wat uitnemendheid nastreef deur menslike potensiaal te ontsluit.



**#MyNWU**



× × × **Onderwysers stel die verlede bekend, onthul die hede, en skep die toekoms!**

Onderwyseropleiding by die Noordwes-Universiteit (NWU) spog met 'n trotse geskiedenis wat tot so ver terug strek as 1919. Die groot vraag na toelating tot die BEd- professionele onderwyskwalifikasies en die feit dat so baie gekwalifiseerde onderwysers kies om hulle vaardighede

deur die fakulteit se nagraadse aanbiedings uit te brei, weerspieël die uitnemendheid van en vertroue in die NWU. Gegradueerdes met 'n NWU-kwalifikasie in opvoedkunde bevind hulleself aan die voerpunt van hulle beroep, en voed die volgende geslag werkers op, wat onderwysers, politici,

sakeleiers, kunstenaars, wetenskaplikes, entrepreneurs en dokters insluit.

Wat navorsing betref, word die fakulteit hoog geag vir sy lank bestaande bydrae tot die uitbreiding van die kennisbasis van menseregte-onderderrig ten opsigte van diversiteit, geletterdheids-teoriepraktyk, selfgerigte leer, onderwysleierskap en -bestuur, en gemeenskapsgebaseerde navorsing.



Die Fakulteit se nagraadse aanbiedings weerspieël die **uitnemendheid van en vertroue** in die NWU





× × × × × × Ons hardloop nie weg vir uitdagings nie – ons haas ons na oplossings!

Die NWU se Fakulteit Ingenieurswese funksioneer as 'n dinamiese opleidingskern vir veelsydige en innoverende ingenieurs van wêreldgehalte. Ons glo daarin om van die wêreld 'n beter plek te maak deur buitengewone ingenieurs te ontwikkel. Ons doen dit deur 'n bedryfsrelevante omgewing te skep wat op baanbrekernavorsing en akademiese uitnemendheid gegrond is. Hier gee

ons vir ons studente om en is baie betrokke by hulle akademiese en professionele ontwikkeling. Ons wil hê dat ons gegradueerdes 'n stewige akademiese grondslag en ervaring in die praktiese toepassing van hulle kennis in die werksomgewing moet hê. Al die ingenieurswese-programme by die NWU is IRSA-geakkrediteer, wat moontlikhede daarstel dat gegradueerdes plaaslik sowel as in die buiteland kan werk.

Die fakulteit is trots daarop om aan die voorpunt te wees van baanbreker- en innoverende navorsing, en fokus hoofsaaklik op geïntegreerde energieoplossings, terwyl hulle 'n bydrae tot die immergroeïende Vierde Industriële Revolusie lewer. Ons is 'n vennoot in die BRICS-universiteitsnetwerk, en baanbrekernavorsing en die kommersialisering van ons kundigheid – plaaslik sowel as in die buiteland – was daarom nog altyd vir ons topprioriteite.





× × × × Die toekoms van gesondheidsorg, vandag!

Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe is in 1999 gestig en is die jongste fakulteit in die familie van die Noordwes-Universiteit (NWU). Sedert sy ontstaan het dit tot een van die grootstes

van sy soort in die land ontwikkel. Met 'n spesifieke ingesteldheid op holistiese en multidissiplinêre onderrig voldoen die fakulteit nie net aan die standaard wat deur

die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) gestel word nie, maar lei ook gesondheidskundiges op wat goeie gesondheid en algehele welstand voorop stel.

Die fakulteit bestaan uit vyf akademiese skole wat voorgaadse opleiding, nagraadse studie en navorsing op verskeie gespesialiseerde gebiede in die gesondheids-wetenskapsfeer aanbied.



× × × × × ×

Die Fakulteit voldoen nie net aan die standaard wat deur die **Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO)** gestel word nie, maar lei ook gesondheidskundiges op wat **goeie gesondheid** en **algehele welstand** voorop stel.





## × × × Bevorder menslike begrip vir 'n beter môre

As een van die oudste vakgebiede in die geskiedenis van hoër onderwys, is die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die NWU 'n toonaangewende en dinamiese sentrum vir onderrig, leer en navorsing. Die fakulteit bestaan uit ses skole, naamlik Kommunikasie, Tale, Owerheidstudies, Musiek, Filosofie, asook Sosiale Wetenskappe. Ons beoog om uitsonderlike jongmense te lewer wat verbeelding,

insig, kognitiewe bedrewenheid en analitiese vaardighede besit. Dit is gesogte eienskappe in die arbeidsmark, veral soos ons die vierde industriële rewolusie binnegaan, is die bedryf op soek na individue wat buite die kassie kan dink. In die erkenning van die impak van tegnologie op alle aspekte van die samelewing, bevorder ons programme die integrasie tussen geesteswetenskappe en tegnologie om die

plaaslike en wêreldwye uitdagings wat die mensdom in die gesig staar, te verstaan, aan te spreek en te verwerk. Die Fakulteit Geesteswetenskappe is die tuiste van sommige van Suid-Afrika se mees gevierde intellektuele, kunstenaars en gerespekteerde navorsers. Ons het visioenêrs, innoveerders en entrepreneurs nodig wat kan help om die ondenkbare te skep en 'n verskil in ons gemeenskappe en daaglikse lewens te maak. Ons nooi jou uit om deel te word van ons elite groep spesialiste en 'n positiewe verandering in die wêreld te maak.





× × × × × × Kwaliteit in onderrig-leer, navorsing en dienslewering

Die Fakulteit Regte verskaf kwaliteitregsopleiding, onderneem gefokusde navorsing, en is by die gemeenskap betrokke. Die fakulteit se doel is om regstudente toe te rus met die kennis, etiek

en vaardighede wat hulle in hulle professionele lewens sal benodig, en ook om die wetenskap van die reg uit te brei deur die navorsing wat ons personeel en nagraadse studente in diens van

geregtigheid en ons konstitusionele demokrasie doen.

Ons bied regsprogramme op al drie ons kampusse aan, en het Regsklinieke in Mahikeng en Potchefstroom. Ons het dus 'n teenwoordigheid in en begrip vir stedelike en landelike omgewings.



× × × × × ×

Die fakulteit se doel is om regstudente toe te rus met die **kennis, etiek en vaardighede** wat hulle in hulle professionele lewens sal benodig.





### × × × × × Kwaliteit in onderrig-leer, navorsing en dienslewering

Die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe bied uiteenlopende en interessante kwalifikasies aan wat deur relevante en geïntegreerde opleiding gekenmerk word. Studente ontwikkel hier lewensvaardighede wat hulle in staat stel om

uitdagings in die werksplek te hanteer.

Ons akademiese personeel is hardwerkend en verbind tot hulle studente en tot navorsingsaktiwiteite. Van ons personeel geniet ook internasionale erkenning. Die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe

streef daarna om studente toe te rus met kennis en lewensvaardighede om 'n sukses van hulle loopbane te maak. Ons bied gehalte-opleiding aan wat die algemene vorming van die student insluit, asook persoonlike aandag, gehaltetoerusting en betekenisvolle uitkomsgebaseerde akademiese programme.



Ons akademiese personeel is hardwerkend en verbind tot hulle studente en tot navorsingsaktiwiteite. Van ons **personeel geniet ook internasionale erkenning.**



**#MyNWU**




## ✕ ✕ ✕ ✕ ✕ Inspirerende teologie op 'n Reformatoriese grondslag

Die Fakulteit Teologie beoefen die wetenskap van teologie op 'n Reformatoriese grondslag. Dit beteken dat die feit erken word dat die Woord van God, die Bybel, wat deur die inspirasie van die Heilige Gees ontstaan het, en dat die Bybel daarom geïnspireerd en gesaghebbend is, en tog ook in geskiedkundige en ander kontekste ontwikkel het. In die beoefening van sy teologie is die doelwit van die fakulteit om die kerk en die samelewing, nasionaal asook internasionaal,

binne die unieke aard van teologie te dien deur die bevordering van die Christelike geloof, die reformasie van die kerk, en die morele hernuwing van die samelewing. Die Skool vir Antieke Tale en Teksstudies, wat in die fakulteit gehuisves word, is hoofsaaklik gemoeid met die studie van die Antieke Wêreld, sy tale en sy materiële kultuur. Die skool huisves leidende gesaghebbendes in klassieke Latyn, antieke Grieks en die tale van die antieke Nabye Ooste, spesifiek die

Aramees en Hebreeus van die Tenak, maar ook Arabies, Akkadies, Siries, Oegarities, en Aramees.

Graadkursusse word op die Mahikeng-, Potchefstroom- en Vanderbijlparkcampus aangebied. Die fakulteit se samewerking met die Eenheid vir Oop Afstandsleer skep die geleentheid om teologiese onderrig vir almal te daar te stel, sonder dat studente na 'n NWU-kampus moet verskuif. Dit is 'n unieke en kreatiewe manier waarop studente die plek, tyd en tempo van hulle teologiese studies kan bepaal.





Het jy geweet dat **net sowat 6,7%** van alle mense regoor die wêreld oor 'n **tersiêre kwalifikasie beskik?**

---





# ONS HET NIE DIE STUDENTELEWE UITGEVIND NIE... ONS HET DIT **VERVOLMAAK**

Wat maak dit dan so **lekker?**

- 'n Lewendige atmosfeer op kampus en by jou blyplek;
- Die diversiteit van studente;
- Moderne sportgeriewe en toerusting;
- 'n Groot verskeidenheid ontspanningsgeriewe;
- Kundige dosente;
- Krisis- en beradingsondersteuning in tye van nood.



As iemand al vir jou gesê het dat studentwees die lekkerste tyd van jou lewe is, was hulle 100% in die kol! Studentwees gaan nie net oor laataande agter die boeke, klasbywoning en eksamens nie. Dit gaan ook oor 'n unieke ervaring wat vir baie min jongmense beskore is. Het jy geweet dat net sowat 6,7% van alle mense regoor die wêreld oor 'n tersiêre kwalifikasie beskik?

Dit is 'n absolute voorreg om deel van die NWU te kan wees, en ons het verskeie inisiatiewe en ondersteuningsdepartemente daargestel om seker te maak dat jou studentelewe 'n onvergeetlike ervaring is!

Soos jy reeds weet, het die NWU drie kampusse. Of jy nou jou vrye tyd onder die plataanbome van die Potchefstroomkampus, of op die oewer van die Vaalrivier, of in die besige ekonomiese moederstad van die Noordwes deurbring, ons verseker jou van 'n studentelewe wat kook!



**Klik**, op die **video regs** om die ontvangs van die eerste jaars in **2020** te sien.





As iemand al vir jou gesê het dat **studentwees**  
**die lekkerste tyd van jou lewe is,**  
was hulle 100% in die koll!



# AKKOMMODASIE – JOU LEERPLEK EN LÊPKEK!



Daar is 'n gesegde wat lui:  
"Jou huis is waar jou hart is."

Ons is seker dat die NWU sommer vinnig baie diep in jou hart sal kruip. Juis daarom bied ons jou 'n reuseverskeidenheid van akkommodasie op die kampusse, en van die kampusse af.

Ons help graag om vir jou die perfekte huis weg van die huis af te kry.

Die NWU se Inwoningsdienste is verantwoordelik vir die gladde werking van die koshuiskomplekse op elk van die drie NWU-kampusse in Mahikeng, Potchefstroom en Vanderbijlpark.

Ons verseker ook 'n veilige, higiëniese en goed onderhoude koshuisomgewing wat bevorderlike is vir onderrig

en leer. Kampusinwoning sal 'n reuse rol speel tydens jou studentelewe. Vir ons studente is koshuise die hartklop van die studentelewe. Jou koshuis sal vinnig 'n "huis" word. Dit is 'n plek waar vriendskappe gevorm en versterk word en kulturele verskille ontdek en gekoester word.



"Jou **huis** is waar jou **hart** is."



Dit is 'n plek waar **vriendskappe** gevorm en versterk word en kulturele verskille ontdek en gekoester word

**#MyNWU**

---

## MAHIKENG-KAMPUS

Die Mahikengkampus bied 11 koshuise wat almal op die kampus geleë is en kan tesame sowat 3000 studente huisves.

By elkeen van dié koshuise sal jy internettoegang hê. Die koshuise bestaan uit:

- Dr Nelson Mandela 1 vir eerstejaar-damestudente; en koshuis 2 vir eerstejaar-manstudente;
- Khayelitsha vir eerstejaar-manstudente;
- Hopeville vir eerstejaar-damestudente.



Vir meer inligting oor die koshuise op die Mahikengkampus kan Freedom Gwele by 018 389 2923 of by [23262559@nwu.ac.za](mailto:23262559@nwu.ac.za) gekontak word.



**#MyNWU**



**KLIK** op die logo van elke koshuis om meer te lees oor elke koshuis.

## MAHIKENG KOSHUISE

DR NELSON MANDELA

KHAYELITSHA

HOPEVILLE

## MAHIKENG KOSHUISE VIR SENIOR STUDENTE

BIKO

MBADA

NGAKA MODIRI MOLEMA

SEBIDENG

SOL PLAATJIE

DR JAMES MOROKA

LOST CITY

KGOSI DICK MONTSHIOA

**11 koshuise** wat almal op die kampus geleë is en kan tesame sowat  
**3000 studente huisves**

**#MyNWU**



---

## POTCHEFSTROOM- KAMPUS

Op die Potchefstroom-kampus, is daar verskillende tipes akkommodasie beskikbaar. Dit bestaan uit koshuise op die kampus, dorpskoshuise en privaat verblyf.

Hier sal jy 'n verskeidenheid van 11 dameskoshuise en 9 manskoshuise op kampus aantref.

---

Omdat daar nie genoeg plek in kampuskoshuise is om alle studente wat aan die NWU se Potchefstroomkampus studeer te akkommodeer nie, maak verskeie studente van privaat verblyf gebruik. Om jou huissoektaak te vergemaklik, het dié kampus 'n inisiatief van stapel gestuur wat jou sal help om die gepaste privaat verblyf te kry. Pukki-verblyf bied 'n oplossing vir hierdie probleem deur middel van 'n webtuiste en 'n verblyfkantoor op kampus. Kontak hulle gerus by 018 100 0040 of besoek [www.nwupukkiverblyf.co.za](http://www.nwupukkiverblyf.co.za) vir meer inligting.

Vir algemene navrae oor akkommodasie op die Potchefstroomkampus kan Caro Bamberger by 018 299 1188 of [caro.bamberger@nwu.ac.za](mailto:caro.bamberger@nwu.ac.za) gekontak word.

---

**#MyNWU**



**KLIK** op die logo van elke koshuis om meer te lees oor elke koshuis.

POTCHEFSTROOM DAMESKOSHUISE

EIKENHOF

HEIDE

HUIS REPUBLIEK

KARLIEN

KASTEEL

KLAWERHOF

MINJONET

OOSTERHOF

VERGEET-MY-NIE

WAG-'N-BIETJIE

WANDA

Potchefstroom - 'n verskeidenheid van **11 dameskoshuise** en **9 manskoshuise** word op kampus aantref.



**#MyNWU**



**KLIK** op die logo van elke koshuis om meer te lees oor elke koshuis.

## POTCHEFSTROOM MANSKOSHUISE

CAPUT

EXCELSIOR

DE WILGERS

HOMBRÉ

LAUREUS

OVER DE VOOR

PATRIA

RATAU LEBONE

VERITAS

Wonder jy wat die verskil tussen 'n dorpskoshuis en 'n kampuskoshuis is? Wel, studente wat nie in 'n koshuis op die kampus woon nie, maar in kamers,

woonstelle, buitekamers of in hul ouerhuise, neem aan die georganiseerde studente-leeu deel deur lid te word van een van die "dorpskoshuise".

Dorpskoshuise funksioneer net soos gewone koshuise en word op dieselfde manier georganiseer as koshuise op die kampus.



## POTCHEFSTROOM DORPSKOSHUISE VIR DAMES

BELLATRIX

DINKI

LAVARIA

## POTCHEFSTROOM DORPSKOSHUISE VIR MANS

HEIMAT

THABA JAH

VILLAGERS

## POTCHEFSTROOM KOSHUISE VIR RUGBYSTUDENTE

PUKDORP

**Pukdorp** is gerieflike akkommodasie wat op die Potchefstroomkampus geleë is. Daar is 9 tweeslaapkamerwoonstelle wat elk sy eie kombuis en badkamer het.

SOETDORINGS

**Soetdorings** is gerieflike akkommodasie wat stapafstand is van die Fanie du Toit-sportterrein, **HPI-gimnasium** en die Potchefstroomkampus. Beide Soetdorings en Pukdorp skakel in by die normale koshuislewe van die NWU, dus ervaar hulle ook die totale studentelewe.

## POTCHEFSTROOM KOSHUISE VIR SENIORSTUDENTE

OPPIRIF

**Oppirif** is 'n senior koshuis geleë op die NWU Potchefstroomkampus en bied akkommodasie aan 504 inwoners. Die koshuis bestaan uit 42 blokke, 6 eenhede met 2 enkelkamers in elke eenheid.



---

## VANDEBIJLPARK-KAMPUS

Die kampus bied twaalf koshuise waarvan vyf op die kampus geleë is en vyf in Vanderbijlpark. Die twee dagkoshuise is vir dagstudente wat by die huis bly, maar elke dag kampus toe ry.

x x x x x x

Vir meer inligting oor akkommodasie op die Vanderbijlparkkampus kan Karin Venter by 016 910 3308 of [Venter.Karin@nwu.ac.za](mailto:Venter.Karin@nwu.ac.za) gekontak word. Tumi Mambo kan ook by 016 910 3051 of [22903798@nwu.ac.za](mailto:22903798@nwu.ac.za) gekontak word.

x x x x x x



#MyNWU



**KLIK** op die logo van elke koshuis om meer te lees oor elke koshuis.

### VANDEBIJLPARK KOSHUISE

BOLALE VILLAGE

EBUKHOSINI

FARANANI

JASMYN

KUMBA

LONGFELLOW

MOAHI VILLAGE

THUTUKA

VERGELEGEN

### VANDEBIJLPARK DAGKOSHUISE

Die twee dagkoshuise is vir dagstudente wat by die huis bly, maar elke dag kampus toe ry.

ACACIA

ORYX

### VANDEBIJLPARK KOSHUIS VIR SENIORSTUDENTE

HORIZON

**Die Horizon-koshuis** is moderne akkommodasie wat verblyf aan 84 nagraadse studente en postdoktorale genote op kampus bied. Die akkommodasie bestaan uit tweeslaapkamereenhede en bied akkommodasie in afsonderlike blokke vir manlike en vroulike studente.

# NWU



Die Noordwes-Universiteit is daarop ingestel om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te word wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek.

Ons doel is om uit te blink in innoverende onder-rig-leer en baanbrekersnavorsing, om sodoende die gemeenskap deur kennis te dien. Ons bied 'n verskeidenheid grade en kursusse aan in verskeie dissiplines oor agt fakulteite heen:

- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
- Onderwys
- Ingenieurswese
- Gesondheidswetenskappe
- Geesteswetenskappe
- Regte
- Natuur- en Landbouwetenskappe
- Teologie

Ons doel is om uit te blink in **innoverende onderrig-leer** en baanbrekersnavorsing

Studente is ingeskryf vir voor- sowel as nagraadse programme, en word deur kundiges opgelei. Die NWU lewer bevoegde graduandi af aan die hele Suider-Afrika – graduandi wat 'n groot bydrae maak tot die streek se maatskaplike en ekonomiese groei.

Die NWU-gemeenskap het dié handelsmerkeienskappe omhels, wat insluit:

- Akademiese uitnemendheid
- Maatskaplike responsiwiteit
- Lewenskragtige studente
- Relevante graduandi
- Waarde-gedrewendheid

Die kleur pers word geassosieer met wysheid, waardigheid, ambisie, trots, onafhanklikheid en passie, en werk daarom goed saam met die NWU se handelsmerkidentiteit.



**#MyNWU**



**Interessante feit:** Eagi is 'n unieke NWU-arend met eienskappe van die **visarend**, die **berghaan** en die **kroonarend** van Afrika.

x x x x x x

waardegedrewe aard van die NWU.

Die arend (koning van die voëls) verteenwoordig positiewe kenmerke en eienskappe wat perfek by die NWU se strategie en doelwitte pas, naamlik sukses, aspirasie, moed, verbreding, vernuwendende lewe, leierskap en vryheid. Dit het ook 'n positiewe betekenis oor talle kulture heen.

Eagi is 'n visionêr, probeer die hele tyd homself beter leer ken, is 'n gebore leier en raak soms ongeduldig met sy gelukbringerbroers en -susters. Hy is geneig om 'n bietjie ernstiger te wees en fokus sterk op uitnemendheid en die akademiese.

## ONTMOET EAGI



Die NWU roem hom daarop dat hy kwaliteitprogramme aanbied en 'n lewendige studente-lewe het. Daar is geen beter simbool as Eagi om die handelsmerkeienskappe en ambisie van die unitêre NWU te verteenwoordig nie. Net soos Eagi werk ons hard en benader die

lewe op 'n kreatiewe wyse, en ons styg met waagmoed bo die res uit. Soos die NWU is Eagi altyd op die uitkyk vir nuwe geleenthede en probeer deurgaans verbeter. Eagi is ook simbolies van die belangrikheid van die beginsels van eerlikheid en die waarheid, in ooreenstemming met die



**#MyNWU**



## POTCHEFSTROOM-KAMPUS

Die *Potchefstroom-kampus* is die grootste en oudste NWU-kampus, met 44 903 studente wat in 2019 ingeskryf het. Die kampus is ook verantwoordelik vir die meeste van die NWU se navorsingsuitsette verantwoordelik en is die tuiste van die meeste Nasionale Navorsingstigting-gegradeerde navorsers.

## MAHIKENG-KAMPUS

*Mahikeng*, die hoofstad van die Noordwes, huisves die tweede grootste van die NWU se drie kampusse, met 13 486 ingeskrewe studente in 2019.

Die kampus se ligging is ideaal vir akademiese programme met 'n fokus op landelike ontwikkeling.

## VANDERBIJLPARK-KAMPUS

Die kampus in *Vanderbijlpark*, geleë in 'n geproklameerde natuurreservaat op die oewer van die Vaalrivier, het 'n diverse studenteprofiel in 'n unieke omgewing.

'n Verskeidenheid wildspesies wei op die kampusterrein. Die kampus, wat 7 546 geregistreerde studente in 2019 gehad het, fokus daarop om by te dra tot die vaardighede en kennis van die Gauteng-streek, en tree op as katalisator vir ekonomiese groei.

So, *waar die wilgers welig spruit*, of die doringboom sy skadu sprei (Universiteitslied), daar sal jy groei in kundigheid. *Welkom by die Noordwes-Universiteit!*



Contact details:  
0860 169698 (0860 1mynwu)  
[studies@mynwu.info](mailto:studies@mynwu.info)



Whatapp number:  
+27 60 070 2606



# #MyNWU



# SPORT



Verskeie **afrigters** van  
**wêreldgehalte** in verskillende sportkodes  
en **uitstekende fasiliteite**

As sport jou ding is, kan NWU Sport nét die regte plek vir jou wees. Met verskeie afrigters van wêreldgehalte in verskillende sportkodes en **uitstekende fasiliteite** wat in Potchefstroom, Mahikeng en Vanderbijlpark geleë is, streef ons daarna om mededingende spanne te lewer om in al die vorms van sport aan liga- en USSA-kompetisies deel te neem.

## Sportkodes

wat deur die NWU ondersteun word, sluit onder andere in:

x x x x x x

- Atletiek
- Krieket
- Netbal
- Rugby
- Sokker
- Watersport
- Raketsport
- Binnenshuise sport
- Buitelugsport
- Fietsrenne
- Gholf
- Hokkie

**KLIK** op die nommers om die NWU se prestasies te besigtig.

Ons streef daarna om **mede-dingende spanne**  
te lewer in al die **vorms van sport.**



# KUNSTE



Die kunste praat 'n universele taal. Hierdie taal bou brûe tussen mense, verryk die lewens van ons studente en voeg waarde by die studentelee. By NWU Kunste is dit presies waarop ons fokus, en waaroor ons passievol is. NWU Kunste skep en ondersteun 'n verskeidenheid platforms op elke kampus om waarde by elke student se ontwikkeling te voeg. Ons stel ons studente in staat om deur die kunste 'n gevoel van wêreldwye burgerskap te ontwikkel en goed afgeronde mense te word met 'n vaste besef van die rol wat die kunste in die alledaagse lewe speel. Die kunste op ons

kampusse is inklusief en innoverend en bevorder uitnemendheid in kuns. NWU Kunste word gedryf deur die skepping van hoëkwaliteitplatforms vir, geleenthede vir deelname aan, en blootstelling aan die ryk, omvattende en florerende wêreld van die kunste.

NWU Kunste omvat talle komponente soos die Instituut vir Kunstebestuur en Ontwikkeling, Alabama Produksies, kunsgalerye, die permanente kunsversameling en studente-aktiwiteite. Dit sluit ook die bestuur in van geriewe en ad hoc-projekte soos musiekblyspele,

produksies, konserte vir kunsfeeste of programme wat spesifiek vir nasionale en internasionale toere deur 'n koor of 'n a capella-groep geproduseer is.

Ons maksimaliseer die waarde van die studentelee by die NWU deur NWU Kunste en ons belê in studente wat daaraan toegewy is om sukses te behaal, maar ons gee ook erkenning aan studente wat in die kunste uitblink terwyl hulle studeer.

x x x x x x

Die kunste op ons kampusse is **inklusief en innoverend** en bevorder **uitnemendheid** in kuns.





NWU Kunste skep en ondersteun 'n **verskeidenheid platforms** op elke kampus om **waarde by elke student se ontwikkeling** te voeg.



**#MyNWU**

# GEMEENSKAPS- BETROKKENHEID



Ons  
**verbinten**  
tot ons  
**gemeenskappe**

x x x x x x

As 'n toonaangewende onderrig-leer- en navorsingsinstelling met 'n voetspoor wat oor twee van Suid-Afrika se provinsies strek, erken die Noordwes-Universiteit (NWU) dat ons 'n verantwoordelikheid het om te verseker dat die skat van kennis wat deur die Universiteit se drie kampusse genereer word, aangewend

word tot voordeel van die gemeenskappe wat ons dien. Dit is egter belangriker dat ons erken dat indien dit nie was vir die milde ondersteuning en ryk materiaal uit daardie gemeenskappe wat ons dien nie, sou ons nie die erkenning kon ontvang as 'n instelling vir hoër onderrig wat diversiteit aanwend en innovering najaag met die bepaalde doel om 'n betekenisvolle verskil in Suid-Afrika en in die wêreld te maak nie. Ons glo voorts ook dat in watter mate die Universiteit se akademiese aktiwiteite ook al sy gemeenskappe en die

breër samelewing kan en sal beïnvloed, nóg die verkryging, nóg die deel van kennis 'n eensydige saak behoort te wees. Daarom, so veel as wat ons ons navorsingsbevindings en innoverende idees met die samelewing as geheel wil deel, maak ons seker dat ons met ons gemeenskappe skakel om van hulle te leer en deur hulle onderrig te word. Trouens, die NWU bedryf tans meer as 100 gemeenskapsgebaseerde projekte wat ons gemeenskappe help om in hulle strewe na welvaart meer selfonderhoudend te wees.



# HOE OM AANSOEK TE DOEN

AANLYN IN 5 MAKLIKE STAPPE

STAP

**1** **KRY 'N STUDENTE NOMMER**



STAP

**2** **TEKEN IN**



STAP

**3** **WAT WIL JY STUDEER?**



STAP

**4** **OPLAAI VAN STAWENDE DOKUMENTE**



STAP

**5** **DIEN AANSOEK IN**




## AANSOEKPROSES

Die Noordwes-Universiteit verwelkom aansoeke van mense van alle agtergronde en ons ondersteun diversiteit en gelykheid in toelating tot ons programme. Om aansoek te doen vir studies aan die Noordwes-Universiteit is makliker as wat jy mag dink. Volg hierdie eenvoudige stappe om deel te word van die NWU-familie:

### KAPASITEITS-BEPERKINGE

Neem asseblief kennis dat die Universiteit - weens bepaalde kapasiteitsbeperkings - die reg voorbehou om kandidate vir toelating tot sekere studierigtings te keur. Dit beteken dat voornemende studente wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie outomaties toegelaat sal word nie. Weens kapasiteitsbeperkings en die ooraanbod van studente in bepaalde studierigtings sal studente op grond van hulle graad 12-uitslae gekeur word vir toelating tot hierdie rigtings.



Navrae oor voorgraadse aansoeke: 018 285 4320 of [applicationsug@nwu.ac.za](mailto:applicationsug@nwu.ac.za)

 **Whatapp nommer:** +27 60 070 2606





# ONTSLUIT JOU NUWE NWU-WÊRELD OP SOSIALE MEDIA!

x x x x x x

Maak seker jy  
volg die NWU op  
**Facebook,**  
**Twitter,**  
**Instagram**  
en **Youtube.**

x x x x x x

Jy betree binnekort 'n splinternuwe wêreld van nuwe vriende maak, 'n borrelende atmosfeer van goeie gees en opwinding, toegang tot kundigheid, nuwe omgewings en die voorreg van studentwees! Dit alles is 'n realiteit wat op jou wag sodra jy op een van die drie kampusse van die Noordwes-Universiteit arriveer.

Ons bied egter ook 'n digitale ervaring. Indien jy nie reeds elkeen van die NWU se sosialemediaplatforms volg nie, mis jy op groot skaal uit! Hier word allerhande nuus, foto's, video's, gebeure en aktiwiteite gekommunikeer.

## FACEBOOK:

@NWU – North-  
WestUniversity,  
@NWUPuk,  
@NWUVaal,  
@NWUMahikeng

## TWITTER:

@theNWU

## YOUTUBE:

NWU – North-  
West University

## INSTAGRAM:

my\_NWU



# #MyNWU